DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 12 /2026– 15 April 2026




## LIEWE MENLO

Soos wat ons kwartaal 2 betree, word ons herinner aan die kragtige woorde uit Jeremia 17:7-8: "Geseënd is die mens wat op die Here vertrou… hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom." Waar kwartaal 2 op die kalender die omskakeling is van somer na herfs, en uiteindelik winter, wil ek graag hierdie teks, wat dui op ewige "somer" by die Here, as fokus kies.

By Die Hoërskool Menlopark staan elkeen van ons – leerders, ouers en personeel – soos daardie boom. Die begin van 'n nuwe kwartaal bring nuwe uitdagings, nuwe geleenthede en soms selfs onsekerhede.

Die geheim van standvastigheid lê egter nie in perfekte omstandighede nie, maar in diep wortels. Wortels van geloof. Wortels van deursettingsvermoë. Wortels van hoop.

'n Boom wat naby water geplant is, bly groen — selfs in tye van droogte. Net so word ons geroep om aan te hou groei, selfs wanneer die pad moeilik raak.

Leerders, mag julle vasstaan in julle doelwitte en elke uitdaging met moed aanpak.

Ouers, dankie vir julle onwrikbare ondersteuning en liefde wat die fondament vorm waarop ons bou.

Personeel, julle toewyding en passie maak elke dag 'n verskil in die lewens van ons kinders.

Laat ons hierdie kwartaal aanpak met die vaste wete dat ons nie alleen staan nie. Wanneer ons ons vertroue in die Here plaas, word ons gevoed deur 'n bron wat nooit opdroog nie. Dan dra ons vrug – nie net in prestasie nie, maar in karakter, in omgee en in die manier waarop ons mekaar opbou.

Mag Kwartaal 2 vir elke Menloparker 'n tyd wees van groei, standvastigheid en seën.

Menlo-groete

Kobus Hartman

**Insig 12/2026 word geborg deur Wound Warrior.**

Wound Warrior (PTY) LTD

# GEBORGDE INHOUD




**Wound Warrior: Verhaal van hoop**

Wound Warrior is 'n onderneming wat in 2021 gebore is uit hoop. Nadat die stigter, Christell Mc Cabe, met 'n ernstige siekte (kanker in die hart) gediagnoseer is en slegs 'n geringe kans op oorlewing gegun is, was die pad vorentoe onseker.

Ten tye van haar siekte, getuig Christell dat sy deurlopend die nabyheid van die Here ervaar het. Vandag is die doel van die maatskappy nie net om uitmuntende produkte vir elke huishouding beskikbaar te stel nie, maar ook om hoop te versprei en geloof aan te moedig.

**Natuurlike doeltreffendheid**

Die reeks bestaan uit produkte wat met natuurlike bestanddele vervaardig word en gesondheid en welstand bevorder. Die produkte van byewassalf vorm die basis van die reeks en sluit ook gesigsalf (face balm) in. Die produkte met 'n byewasbasis verrig wondere vir wonde, verskeie veltoestande en is ook geskik vir kosmetiese gebruik.

**Spesialissorg**

All About Hair: Hierdie kruiemengsel bevorder haargroei en 'n gesonde kopvel. Sy het dit self, met uitstekende resultate, na haar behandeling begin gebruik.

Phyto-Unique: Hierdie produk met 'n mentol- en kamferbasis is deur haar gebruik om lyfpyn tydens haar herstelpad te verlig. Dit is ideaal vir die verligting van hoofpyn, sinusprobleme, spierpyne, artritis en selfs brandvoete.

**Plaaslike ondersteuning**

Wound Warrior-produkte is bekend vir hul effektiwiteit en bekostigbare pryse.

Verbruikers kan die produkte op die volgende maniere aanskaf:

**Aanlyn:** Besoek www.woundwarrior.co.za (landswye aflewering).

**Markte:** Elke Saterdag by die Pretoria Boeremark (Stalletjie 510, Karoblaan naby Ingang 3).

Besoek gerus ons webblad om die voor-en-na-foto's te sien wat die krag van hierdie reeks bevestig.

Ons sien daarna uit om van u te hoor!

**Die Insig loods vandeesweek 'n nuwe inisiatief waar ondernemings die geleentheid kry om 'n Insig te borg. Navrae: insig@menlopark.co.za.**

**Die blad is betaal en die inhoud verskaf deur die adverteerder. Die Hoërskool Menlopark aanvaar geen aanspreeklikheid vir die geadverteerde dienste of produkte nie.**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Sluitkassies vir selfone

- Daar is 90 selfoonsluitkassies beskikbaar vir leerders wat hulle selfone gedurende die dag wil toesluit.
- Die koste beloop R300 vir die res van 2026.
- Leerders wat graag selfoonsluitkassies wil huur, bespreek en betaal dit by me. Nicolene van Eyk (algemene kantoor).
- Navrae kan aan me. Van Eyk gerig word by nicolene.vaneyk@menlopark.co.za.

## Voorkoms

Ouers word versoek om te verseker dat Parkies se voorkoms volgens die skoolreëls is wanneer hulle die huis soggens verlaat. Verwys gerus na die Werkplan indien daar enige onsekerheid is.

## Verkeer

Personeel moet dikwels vergaderings of byeenkomste na skool bywoon. Ouers word derhalwe versoek om personeel smiddae 'n kans te gee om in Rosemaryweg in te draai om die terrein te verlaat.

## Openbare vakansiedae: 27 April & 1 Mei

28, 29 en 30 April is gewone skooldae.
Assesserings en buitekurrikulêre aktiwiteite gaan voort soos wat dit in die Werkplan geskeduleer is.

## Siektetoetse

Die skool bevestig die reëlings rondom siektetoetse:

- Assesserings wat op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Maandag afgelê.
- Assesserings wat op 'n Donderdag of Vrydag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Woensdag afgelê.
- Siektetoetse word voor skool afgelê.
- Leerders mag slegs 'n siektetoets aflê indien 'n doktersbrief ontvang is. Doktersbriewe word per e-pos aan vakonderwysers en klasvoogde gestuur. Personeel se kontakbesonderhede is op die webblad beskikbaar.

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

### Woensdae

Ouers word daaraan herinner dat senior leerders (gr. 10—12) vroeër verdaag indien hulle nie toets skryf nie. Die toetsrooster is op Ed-admin beskikbaar.

### Selfoonbeleid

Die skool se selfoonbeleid is op Ed-admin beskikbaar (Parents—Documents—Beleide).

### Ed-admin

Die kode vir Ed-admin is 599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

### Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021. | | | | |

### Menlo-ouers wat omgee

Menlo-ma's wat bid
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

Menlo-pa's wat bid (Watchmen)
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak: 082 457 6526.

### Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

### Interessante gebeure op Menlo-bodem

English Book Quiz & Menlo-elitekunsuitstalling: Volg die **skakel** vir meer inligting.

## Brokkies Menlo-geskiedenis

Die netbaltoernooi wat tydens die vakansie plaasgevind het, herinner ons aan die pionier-Parkies van 1966. Dit is met ’n tikkie nostalgie dat ’n mens terugdink aan Menlo se eerste netbalspelers. In hierdie foto uit die 1966-Eggo, sien ons Menlo se netbaldogters in ’n stryd teen Hoërskool Tuine, op ons eie tuisbane en met die skoolgebou trots in die agtergrond. Dit is oomblikke soos hierdie wat ons herinner waar dit alles begin het.



## Afrikaans 101: Het jy geweet?

**OPDRAANDE VS. OPDRAENDE**

’n Helling waarteen iemand opsukkel, is ’n opdraand of opdraande. Soms gebeur dit dat iemand ’n opdraande stryd voer.
*Opdraend* impliseer dat iemand iets na ’n hoër punt dra.

(Bron: VIVA-taalwenk)






# AKADEMIE

## NASIONALE DUITSOLIMPIADE

Menlo spog vanjaar met drie leerders onder Suid-Afrika se top-20.



Jean-Marie van Brummelen
5de



Micheala Marx
8ste



Werner Potgieter
14de

# KULTUUR

## KOM WYS JOU SKRYF



Lenandi Khün (graad 10) is as die skool se eerste Wys-jou-skryf-wenner aangewys en haar teks, Ete saam met die wolwe, sal vanjaar tydens die Menlo-maskerfees op die planke wees.

Lenandi is vir die regie, rolverdeling en verwerking van die teks verantwoordelik en sal deur 'n senior regisseur touwys gemaak word.

Hartlik geluk!

# ATLETIEK

## ASA SE SA KAMPIOENSKAP

57 Menloparkers het van 26 tot 28 Maart aan ASA se nasionale atletiekkampioenskap in Germiston deelgeneem.


**Medaljes** Goud: 8 Silwer: 7 Brons: 5










**Gouemedaljewenners**

| | |
|---|---|
| Megan Nieman | 400 m-hekkies (SA rekord) |
| Michael Shanzi | 400 m |
| Janelle Kirkpatrick | 100 m-hekkies (SA & Afrika-rekord) |
| Jané Sieberhagen | 1 500 m-hindernis |
| Taelyn Smith | Hoogspring |
| Joshua Gerber | Diskus |
| Anri Bisschoff | Sewekamp |
| Ivanke Hanekom | Diskus |

**Silwermedaljewenners**

| | |
|---|---|
| Zanta Lourens | 2 000 m-hindernis |
| Llewellyn van Heerden | 400 m |
| Linmari Kirkpatrick | 300 m-hekkies & 400 m |
| Jaco van Dyk | Gewigstoot |
| Shiloh Snijders | Diskus |
| Ruvé van der Ende | 4 x 100 m |

**Bronsmedaljewenners**

| | |
|---|---|
| Ruvé van der Ende | 400 m |
| Janelle Kirkpatrick | 400 m-hekkies |
| Milané Moolman | 300 m-hekkies |
| Tommie Cronje | 1 500 m |
| Emma-Lee vd Westhuyzen | 4 x 100 m |























# NETBAL

## MENLO-NETBALTOERNOOI IS GROOTSTE IN SA

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Hoërskoletoernooi** | Spanne | 194 | Skole | 53 | Wedstryde gespeel | 1 078 |
| **Laerskoletoernooi** | Spanne | 150 | Skole | 60 | Wedstryde gespeel | 826 |



# MUURBAL

## SA JUNIOR OPE SUID (KAAPSTAD)

| | | |
|---|---|---|
| O. 15A-seuns | Emile Erasmus | 13de |
| | Mynhardt Ackerman | 14de |
| | Ian Viljoen | 16de |
| O. 17A-dogters | Mia Kieser | 14de |



Emile



Mynhardt



Ian



Mia

# SPORT BUITE SKOOLVERBAND

## ONDERWATERHOKKIE

Drie Menloparkers het Gauteng-Noord gedurende die vakansie by die nasionale toernooi in Kaapstad verteenwoordig.



Daniël de Waal
O. 19A



Dieter Pienaar
O. 16A



Selie de Villiers
O. 19A

# GHOLF

## VAKANSIEPRESTASIES



Hendré de Klerk (o. 15)
SA Junior Kampioenskap
3de



Schalk van Ettinger (o. 19)
SA Junior Kampioenskap
6de



Morné Heymans
GNGU-toernooi (Akasia)
1ste

















# WINTERSPORTTOERE

## 221 WEDSTRYDE GESPEEL

**#MENLOTROTS**

















# ONS DOEN NIKS HALF NIE



# GEBORGDE INHOUD

Wound Warrior (PTY) LTD

PRETORIA Boeremark

Hier het die môrestond regtig goud in die mond

510 Karob Laan
Naby Ingang 3

# Gesondheid & Welstand

**Kwaliteit • Betroubaar • Koste Effektief**




## Byewas Salwe

Wonde
Velkondisies
& Kosmeties






## Kruie Kopvel Sprui

Haar Groei
& Gesonde Kopvel






## Mentol Kamfer Smeer

Liggaamlike Pyne
& Skete

*Help jou om beter te voel!*

☎ 079 565 9904 ✉ marketing@woundwarrior.co.za 🌐 www.woundwarrior.co.za

®
# Wound Warrior (PTY) LTD


CHRISTELL MC CABE
Marketing
079 565 9904
marketing@woundwarrior.co.za
www.woundwarrior.co.za




















®
Wound Warrior (PTY) LTD